F. W. GROSHEIDE, *De Openbaring God's in het Nieuwe Testament*. J. H. Kok, Kampen. 1953.

Met 'n ope oog vir die neiging van die gereformeerde teologie om geskiedenis en dogmatiek te beoefen ten koste van eksegese van die Skrif, het Prof. Grosheide, self 'n ervare en bekwame eksegeet, in hierdie werk 'n interpretasie van die Nuwe Testament onderneem. Hy wil wat

hy noem "de geschiedenis der Nieutestamentische Godsopenbaring", in drie periodes onderskei, t.w. die werk en prediking van die historiese Jesus, die ontwikkeling van die Kerk op grond van daardie werk en prediking en, laastens, die stryd van die ontwikkelende Kerk teen bedreigende dwaalleer.

Onder die eerste periode behandel die skrywer op onderhoudende wyse die inhoud van die vier Evangelies. As bronnemateriaal vir die tweede periode gebruik by Handelinge en die Briewe van Paulus. Die derde periode word toegelig aan die hand van die origе geskrifte van die Nuwe Testament.

Hierdie benadering van die inhoud van die Nuwe Testament open interessante nuwe perspektiewe. In feite bied die werk 'n variasie op die tradisionele vorm van Inleiding tot die Nuwe Testament. Maar inleiding bly dit en wel met 'n minder histories-literêre en 'n meer eksegetiese aksent.

A. S. GEYSER.